the essence
KOMMUNIKASIE

Sonder Seëls

e-tydskrif

Spesiale aflewering vir jou.

Julie 2021
Uitgawe 66
Jaar 12



Julie 2021
Uitgawe 66 Jaar 12
Sonder Seëls
kontak@sonderseels.co.za

Liewe Leser

Neem 'n blaaskans van die dinge wat jou lewe omkrap en stap saam deur *Sonder Seëls*.

Jy sal hom dadelik herken aan die foto's van jare gelede, en as jy te jonk was daarvoor, sal jy weet dat hy in 2000 as Suid-Afrika se Sportman van die Eeu aangewys is. En steeds is Gert Potgieter 'n doener. Hy wy sy lewe daaraan om ander se lewens te verryk en te ontwikkel. Gedurende sy loopbaan het hy breër geloop as wat sy werk van hom vereis het, omdat sy oë wegkyk van homself af na daar waar hy kan opbou en ondersteun. Bl. 3

Met die somer in aantog en die welkome reën in die Kaap, verlang ons na die buitelug en ons droom oor reise na mooi plekke. Miskien roep die Kalahari se kameeldoringbome jou, of die Kaapse wildekastaiing met sy pragtige blomme. Watter boom sal jy plant as jy vandag 'n boom kan plant? Bl. 9

"Die ongekende sukses van Afrikaner-sakelui het die afgelope drie dekades verras en verstom." So lui die flapteks van Ebbe Dommisse se boek *FORTUINE Die wel en wee van Afrikaner-magnate*. Hierdie vaardige joernalis bied sy stof verstaanbaar en interessant aan, wat daarvan 'n boeiende, lekkerleesboek maak. Bl. 14

Indien jy een van die 2020- of 2021-uitgawes van Sonder Seëls misgeloop het, kan jy dit aflaai by www.sonderseels.co.za. Om met ons te gesels, stuur 'n e-posboodskap na kontak@sonderseels.co.za.

Geniet Sonder Seëls!
Lilla du Preez 15 Julie 2021

Inhoud

3

Met vasberadenheid en entoesiasme lewe hy sy lewe: altyd vorentoe en bereid om ander se lewens positief te beïnvloed. Gert Potgieter, Sportman van die Eeu 2000.

8

Sy weet wat kosmakers en kosliefhebbers wil weet en wat hulle wil eet: Annelien Pienaar se nuwe kookboek *Vleis die omvattende gids*.

9

Die beste tyd om 'n boom te plant is wanneer jy 10 jaar oud is. Die tweede beste tyd is VANDAG! Kameeldoring of avokado, blomboom of Bonsai?

14

FORTUINE Die wel en wee van Afrikaner-magnate deur Ebbe Dommisse: Toeganklik, interessant en boeiend.

16

Daardie diere omsingel vir hom wat Rampie is en hulle skop en byt hom. Hulle lyk amper soos donkies maar hulle is nie donkies of muile nie.

the essence
KOMMUNIKASIE

Bedrywig. Ondernemend... en vinnig.

SPORTMAN VAN DIE EEU 2000.

Hierdie kom alles in een pakkie: Gert Potgieter, driemalige wêreldrekordhouer in die 440 treë hekkies in 1957, 1958 en 1960. Hy het ook die nuus gehaal toe hy in 1962 met die pragtige Duitse atleet Renate Junker getroud is. Lilla du Preez het die voorreg gehad om hierdie positiewe, energieke egpaar te ontmoet.

Reeds op laerskool in Vryheid, KwaZulu-Natal, het Gert Potgieter uitgeblink in rugby, atletiek, gimnastiek en 3m-duik in die swembad. Die skoolleuse van *Aanhouer wen* pas hy sedert sy laerskooldae toe, deur sy hele lewe en tot vandag toe.

Vir militêre opleiding het Gert in 1955 by die Polisie in Pretoria aangesluit. Hier het hy kennis gemaak met hekkiesloop, 'n item waaraan hy nog nooit deelgeneem het nie. In 1956 wen hy dié item by die nasionale kampioenskap, en word vir die springbokspan na die Olimpiese Spele in Melbourne, Australië, gekies, hoewel hy nog 'n junior was.

Gert vertel: "Tydens die Spele kwalifiseer ek in die uitdunne en semifinaal. In die finaal het ek by die laaste hekkie in die derde plek gelê toe ek met oorywerigheid om oor die hekkie te kom, struikel en val.

"Die teleurstelling was groot, maar vir my was dit steeds 'n inspirasie aangesien ek, as 'n junior, top internasionale atlete in die voorafgaande wedlope geklop het.

PASRITME

Dit het internasionaal bekend geword dat Gert met 'n 14pasritme hardloop, en baie atlete het hierdie pasritme suksesvol begin toepas. Vandag is dit algemeen.

"Terug in Suid-Afrika het my afrigter, Jos Sirakis, my wedloop by die Spele ontleed en gevind dat ek met die verkeerde been by die laaste hekkie aangekom het. My pasritme by die laaste hekkie was 14 passe en nie 15 nie. Op sy aanbeveling het dit my ses maande geneem om 14 passe tussen die hekkies te neem, dus, om elke hekkie met die alternatiewe been te lei en nie al die hekkies met dieselfde been (15pasritme) te lei nie."

Met die nuwe 14pasritme verbeter Gert toe die wêreldrekord van Yuri Lituyev van Rusland van 51,3sek met 'n tyd van 50,7sek. Die volgende jaar is hy gekies om Suid-Afrika by die Statebondspele in Cardiff, Wallis, te verteenwoordig, en daar verbeter hy die Amerikaner, Glen Davis, se wêreldrekord met 'n tyd van 49,7sek. In 1960 verbeter hy weer die Amerikaner Davis se rekord in die 440 treë hekkies in 'n tyd van 49,3sek en word as kaptein van die Suid-Afrikaanse span na die Olimpiese Spele in Rome, Italië, gekies.

Ter voorbereiding van die Olimpiese Spele het die atlete aan 'n paar kompetisies in Duitsland deelgeneem, waar hy ongelukkig ernstig beseer is in 'n motorongeluk.

"Groot was my teleurstelling toe ek in die hospitaal in Heidelberg wakker word en besef dat ek nie aan die Spele sal kan deelneem nie. Die dokter het my baie moed ingepraat, maar tog gesê dat ek nie weer aan sport sal kan deelneem nie aangesien ek, weens die botsing, nou blind is in my linkeroog. Ek het weer aan my skoolleuse van Aanhouer wen gedink, en net daar besluit dat ek hom verkeerd sal bewys."

Terug in Suid-Afrika het hy met mening weer begin oefen en vier jaar later Noord-Transvaal in trampolien, 3m-duik en tuimelgimnastiek verteenwoordig. Sy eintlike mikpunt was egter die atletiek tienkamp (Decathlon), wat hy in 1966, ses jaar na die ongeluk, tydens die SA nasionale kampioenskap in Bloemfontein verower het. "Ek was dankbaar om via sport weer my selfvertroue en positiewe ingesteldheid te kon herwin."

Links: Gert Potgieter oor die laaste hekkie, stel nuwe wêreldrekord op in Bloemfontein • Regs: Gert op die 3m duikplank. • Heel Regs: Gert wen in Cardiff in nuwe wêreldrekordtyd van 49,7sek.

BEROEPSLEWE/LOOPBAAN

In die winter het Gert as senter in die Noord-Transvaal span sy liefde vir rugby uitgeleef, maar het na 'n ernstige nekbesering besluit om rugby vaarwel toe te roep.

Na nege jaar in die Polisie, het dr. Anton Rupert vir Gert 'n pos by die SA Sportstigting aangebied, waarvan hy later direkteur was. Die SA Sportstigting het sportafrigtingskursusse en klubbestuursopleiding aangebied aan ontwikkelende gemeenskappe in Suid-Afrika, Namibië, Swaziland, Mosambiek, Botswana, Lesotho en Zimbabwe.

"Hierdie ervaring het my diep onder die besef gebring van die dringende behoefte aan sportopleiding en -opvoeding in die ontwikkelende gebiede." Dit was 'n indruk waaronder Gert lewenslank gebly het en wat sy werk gerig het.

"In 1973 het dr. Louis Luyt my 'n pos aangebied as reklame- en skakelhoof in die pasgestigte Louis Luyt Brouery. Ek was lus vir 'n nuwe uitdaging en het die pos aanvaar." Dr. Anton Rupert het hom egter dieselfde jaar teruggelok, en hy is aangestel as reklamehoof van die Oude Meester Groep in Stellenbosch.

"My werk was hoogs interessant en insiggewend, om veral die wynbedryf te leer ken en te ervaar.

Hier het ek ook kennis gemaak met ander stigtings van Rupert, soos die Natuurstigting, Kunsstigting, Historiese Huise, Vredesparke, Kleinsake-ondernemings en musiek.

Tot vandag beskou ek Rupert as my beste mentor en pas ek steeds sy filosofiese uitkyk op die lewe toe, nl.:

- Help ander om hulself te help
- Vertroue wek vertroue
- Wie nie in wondere glo nie, is nie 'n realis nie
- Ons kan nie slaap as ons bure nie eet nie
- Waar 'n wil is, is 'n weg
- Goedgesindheid of rykdom word nie deur 'n weggee-beleid geskep nie."

Onder: Gert druk 'n drie vir Noord-Transvaal teen Transvaal in 1957 op Ellispark.

"Wanneer 'n mens geloof in sy doelwitte het, moet dit met aksie opgevolg word deur harde werk, toewyding en volharding van liggaam en gees. Wees bereid om terugslae te aanvaar en te oorkom met deursettingsvermoë, uithou en aanhou, aanhou en aanhou."

– Gert Potgieter

In 1979 het die Universiteit van Pretoria hom 'n adjunk-direkteurspos by die Sportburo aangebied, wat hy aanvaar het aangesien sy huis in Pretoria en hulle drie kinders studente by Tukkies was. Hy het later direkteur van die Sportburo geword, tot sy aftrede in 1999.

Sport Beeld

Kingsway 69 Aucklandpark

7/3/2000

Gert, Zola is Suid-Afrika se beste atlete van eeu

Sarel van der Walt

Gert Potgieter en Zola Budd is deur die Suid-Afrikaanse vereniging van atletiekstatistici aangewys as hul keuse vir Suid-Afrika se beste atlete die vorige eeu.

Potgieter was wêreldrekordhouer in die 440 tree hekkies terwyl Budd, 'n voormalige wêreldrekordhouer onder meer twee keer die Wêreldveldloopfinal (in die kleure van Engeland) verower en die toeskuiers in hul dissiplines na Suid-Afrikaanse atletiekbane laat stroom toe sy nog 'n skoolkind in Bloemfontein was.

Eersgenoemde het in 1958 op die wêreldkoningspele in Melbourne, Australië, in die zindrone gesnit het. Hy was in die wedloop op pad na die bronsmedaljie.

Die volgende jaar het hy die wêreldrekord in Queensland verbeter. Die volgende jaar het hy die goue medaljie by die Britse eiedoodspele in Cardiff, Wales, verower en in die proses ook die wêreldrekord verbeter.

In 1960 het Potgieter in Bloemfontein weer 'n wêreldrekord opgestel. Hy was tussen 1958 en 1960 onoorwonne in Europa en Skandinawië en is in 1959 aangewys as die beste atleet by die Wêreldspele in Helsinki.

Hy was die gunsteling om die goue medaljie by die Olimpiese Spele van 1960 in Rome te verower, maar was kort voor die Spele in 'n ernstige motorongeluk in Duitsland betrokke. Hy moes hom geweldig ... die Spele ontrek.

Budd was maar vyftien toe sy op 5 Januarie 1982 'n wêreldrekord in die 3 000 tree ... het. Haar tyd ... 1,03 sekondes ... In 1985 ... wêreldrekord ... nou nog ...

Van die ... wat hale strun onder atletiek statistici gesoek het, was Josia Thugwane, die huidige Olimpiese ... marathonkampioen.

John van ... wêreldrekordhouer ... kuspoel ... pioene ... lewe ... kin ...

gertr@global.co.za

Foto's van bo na onder; Vlagseremonie by die stigting van die IOA. Gert is derde van regs met die SA vlag van daardie jare • Eerste veelvolkige internasionale Olimpiese Akademiese kongres by die Universiteit van PE. Gert is 5de van links.

TOEKENNINGS

"Ideale Sportman van Suid-Afrika 1958"
"Sportman van die Jaar" 1958
"Grootste Suid-Afrikaanse Sportman 1960"
"Sportman van die Eeu 2000",
deur die SA Atletiekstatistici aangewys.

Hoe voel hy hieroor? "Indien ek moes kies watter toekenning vir my die meeste beteken het, dan was dit die laasgenoemde. Al die ander toekennings was oor een jaar, maar oor 'n eeu is dit vir my van besondere betekenis. Daar was wonderlike prestasies van mansatlete oor die eeu en om my prestasies te kan laat uitstyg bo die ander, maak my in alle beskeidenheid geweldig trots en dankbaar. Afgesien van dank vir jou prestasies teenoor al jou horisontale ondersteuners, moet jy nooit vergeet om jou vertikale 'afrigter' te bedank vir die talent wat van Hom afkomstig is."

ALTUS SPORT

"Ek het Altus Sport in 1994 as 'n nie-winsgewende maatskappy gestig, uitsluitlik met die doel om 'n opleidings- en opvoedkundige diens aan ontwikkelende gemeenskappe te lewer. Die naam ALTUS se oorsprong kom van die Latynse woord "Altius", wat "hoog" beteken. Dus moet ons altyd hoog streef om 'n gesonde liggaam binne 'n gesonde gees te huisves. Ons eerste projek was die jeugprogram by die Uniegebou met die inhuldiging van oudpresident Mandela."

Ministerstrofee aan Altus Sport saam met Jerry Masia en Liana Laubscher van Altus Sport 2003

Altus Sport wil 'n positiewe verskil maak in mense se lewens en persoonlike ontwikkeling, liggaamlike aktiwiteite en geletterdheid van die jeug bevorder deur middel van sport.

Waardes soos vrede, respek, eerlikheid, omgee, verantwoordelikheid en uitnemendheid word aan die jeug geleer.

OOR WATTER HEKKIES

seil Gert Potgieter nou in sy tagtigs?

"Tot voor die virus het ek jare lank die Blou Bulle Rugby-unie se klubbestuursopleiding in Pretoria en Limpopo behartig. Ek het ook jaarliks 'n Sportdag van Vrede aangebied, asook 'n Olimpiese opvoedkundige dag vir skole in Pretoria, Stellenbosch en Soweto, onder die beskerming van die Internasionale Olimpiese Akademie. Verder tree ek op by kerke en aftreeoorde, waar ek gesels oor Totale Fiksheid, met die klem op geestelike fiksheid. Ek en Renate woon graag opera-aanbiedings by, en ons maak saam musiek. Ek speel viool en Renate klavier. Ons is ook lief om te kampeer en ek maak graag tuin. Wanneer tye hopelik weer na normaal terugkeer, sal ons heelwat van die bogenoemde kan hervat."

Foto's kloksgewys van links: Hengel en kampering in ons pragtige natuur is steeds wonderlike ervarings. • Om saam musiek te maak, bly 'n stimulerende tydverdryf.

GERT POTGIETER SE BOODSKAP AAN SONDER SEËLS-LESERS

Laat ons, as Afrikaners, nooit vergeet van ons erfenis van veggees, entrepreneurskap en deursettingsvermoë wat ons in ons voorouers gesien het nie. Hulle het, na baie terugslae, opgestaan en weer suksesvol begin boer en uitgestyg in veral die onderwys, landbou, letterkunde, media, kunste en die sakewêreld. In my beskeie agtergrond, was ek plaaslik en internasionaal altyd trots om as 'n Suid-Afrikaner bekend te staan. Natuurlik sal ons altyd vyande hê wat jaloers is op ons prestasies op vele gebiede en sal die aanvalle nooit ophou nie. Laat ons egter steeds saamstaan en handevat en hou by die leuse: "Aanhouer wen!"

Annelien Pienaar se nuwe kookboek ***Vleis die omvattende gids*** is onlangs bekendgestel. Annelien het hamburgerfrikkadelle uit die boek gekies om met Sonder Seëls-lesers te deel.

HAMBURGERFRIKKADELLE

Lewer 6 vleiskoekies van 200 g elk. Met hierdie resep kan hamburgerfrikkadelle in verskeie geure gemaak word. Gaan loer na die afdeling oor soute en speel met die smaakkombinasies. Ek hou van 'n peri-peri-smaak ("very peri" is my ding!) en gebruik graag die rooi kerriesmeer (bl. 248) na smaak.

BESTANDDELE

- 1 kg beesmaalvleis
- 4 snye bruinbrood
- 125 ml (½ k) melk
- 1 groot ui, gekap
- 30 ml (2 e) olyfolie
- 5 ml (1 t) fyngedrukte knoffel
- 2 eiers
- 30 ml (2 e) worcestersous
- 30 ml (2 e) blatjang
- 5 ml (1 t) varsgeroosterde koljander, gemaal
- 2,5 ml (½ t) neutmuskaat
- 15 ml (1 e) braaisout (bl. 245)
- 15 ml (1 e) grofgemaalde swartpeper

METODE

- Meng al die bestanddele liggies saam. Weeg dan porsies van 150 - 200 g vleis af en druk dit in 'n vleiskoekievorm of vorm met die hand plat.
- Pak die vleiskoekies op bakplate, bedek en verkoel in die yskas voordat die vleis in die pan gebraai word. Só bind die vleis beter.
- Wenk: Hierdie resep kan met gemak vermeerder word; die vleis kan ook voorberei en bevries word en lugdig verpak word. Die vleiskoekies vries goed vir 6 maande.

WEN!

'n Eksemplaar van **Vleis die omvattende gids.** Stuur 'n e-pos met jou naam, straatadres (vir aflewering) en telefoonnommer voor 15 Augustus 2021 na kontak@sonderseels.co.za

Gaan loer gerus op Annelien se blog www.annelienpienaar.co.za

Foto's en stilering: Annelien Pienaar

Bome gister en môre

Is daar 'n boom uit jou kindertyd wat vir jou herinneringe oproep; 'n boom wat jy onthou, en om watter redes? Indien jy vandag een boom kan plant, wat sou dit wees? En waarom?

Sonder Seëls-lesers het interessant gereageer op hierdie vrae.

Kobus Trichardt van Mbombela met die Natalvy (Ficus Natalensis)

Bonsai – die Natalvy

Ken 'n dorpsjapie bome en kan 'n dorpsjapie regtig boomklim? Dis mos net plaasjapies wat dit kan doen! In die middel vyftigerjare, so 'n entjie weg van ons huis, was 'n laning met allemintige hoë bloekombome. Daar het ek en my jonger broer se broederlike kompetisies hulself uitgewoed. Wie van ons sal die hoogste in 'n bloekomboom kan klim? Ons het vele dae en vele ure aan hierdie wedstryd spandeer. Dat ons ooit grootgeword het na al daardie geklimmery is tot vandag toe steeds vir my 'n raaisel.

En so het hierdie stadsjapie se omgang met bome vir baie jare lank nie juis wortel geskiet, stamme en takke ontwikkel en vrugte gedra nie. Tot eendag – ongelukkig dertig jaar te laat – ontdek ek hierdie wonderlike stokperdjie, Bonsai. Dit is die kuns om 'n jong boompie klein te hou, dit oud te laat lyk en dit in 'n lewende kunswerk te omskep. Tóé verander dinge vinnig!

Hoewel 'n mens die meeste boomspesies kan gebruik is sekere boompies net beter keuses vir Bonsai. Een van die gewildste spesies is ons inheemse groep van wildevye en spesifiek die Natalvy *(Ficus Natalensis)*. Hulle is geweldig plooibaar en kan baie maklik in die verskillende Bonsaistyle ontwikkel word. Bonsai is ook 'n bedryf wat jou leer wat *geduld* beteken – dit neem jare en jare om 'n volwaardige Bonsai te ontwikkel. Dit het my een groot les geleer:

Die beste tyd om 'n boom te plant is wanneer jy 10 jaar oud is. Die tweede beste tyd is VANDAG!

Die Kaapse Wildekastaiing – Neville Perry se gunsteling is 'n blomboom.

Neville Perry

Die meeste van ons ken uitheemse blombome, soos die jakarandas wat langs ons strate groei. Ons land het egter ons eie inheemse spesies met helderkleurige blomme, soos die helder oranje blomme van die koraalboom *(Erythrina spesies)*, die skarlakenrooi kleur van die huilboerboon *(Schotia brachypetala)*, die bruinrooi kleur van die worsboom *(Kigelia africana)*, en die treffende blou en viooltjiepers kleure van die Vanwykshout *(Bolusanthus speciosus)*.

Een van die inheemse spesies wat vir my kop-en-skouers bo al die ander bome van ons land uitstaan, is die minder bekende wildekastaiing *(Calodendrum capense)*. Die boom kry sy naam van die Griekse woord *"kalos"*, wat *"mooi"* beteken, en *"dendron"*, wat "boom" beteken. Die boom is deur die botanis, Burchell, benoem as "wildekastaiing", omdat hy gedink het dat die blom en vrug van die boom 'n ooreenkoms toon met die "perde kastanje" (horse chestnut) van Europa. Die twee bome is egter geensins verwant nie. Toe die botanis, Thunberg, die boom vir die eerste keer in 1772 by Grootvadersbos naby Swellendam gesien het, het hy dit die *"Calodendrum"* genoem.

Die wildekastaiing kom langs die suid- en ooskus van suidelike Afrika voor. In Suid-Afrika sien 'n mens dit veral in KwaZulu-Natal en Mpumalanga, en verder in suidelike Afrika tot by Tanzanië en Ethiopië. Die boom is immergroen, maar in die binneland kan dit bladwisselend wees. In 'n bos kan die boom hoogtes van 7 tot 20 meter bereik. Die boom het 'n uitgestrekte kroon, wat pienkkleurig raak wanneer dit in Oktober tot Desember blom. Die blomme is groot en opvallend en ruik effens soet.

Boom van Gister



Hennie Smith

Op die koue Hoëveld waar ek op 'n plaas grootgeword het, was daar lanings bloekombome. Die bome was oninteressant en moeilik klimbaar. Die boom wat die sterkste jeugherinnering by my oproep is 'n groot turksvyboom. Dit het die heerlikste vrugte gedra. Wanneer die holte aan die voorpunt van die vrug begin vlakker word, was dit 'n teken van rypwording. Dit was 'n avontuurlike uitdaging vir 'n standerd 3 seun om met kaal hande en sy knipmes 'n turksvy te pluk. Die vingers moes versigtig op die kaal groen oppervlakte tussen die klossies dorinkies die vrug vasvat en vanaf die breë blad afbreek. Rol nou die vrug op die gras: dit help om dorinkies te verminder. Dan word die 'kop' afgesny, so vyf millimeter van die punt af. Die onderkant word ook afgesny en met 'n lang snit oor die vrug se 'lyf' kom die sappige vrug vry en het jy 'n veldfees daar en dan!

Boom vir Môre

Ek sal 'n avokadoboom van die Fuerte-variëteit plant want dit het mooi immergroen blare, is 'n gawe klimboom en dra mettertyd oor 'n lang seisoen die pragtigste en geurigste vrugte denkbaar. Boonop is die vrugte besonder voedsaam.

Kameeldoringboom

Kobus van der Merwe

Die KAMEELDORINGBOOM is die bekendste boom in die Kalahari, Namibië en Botswana. Ek is gebore en het grootgeword op 'n plaas in die Piet Plessis-omgewing (Noordwes Provinsie). Hierdie boom is aangepas om in die gehardste toestande te gedy as 'n lowerryke skaduboom, tot 10 meter hoog en met 'n penwortel van tot 60 meter. Ek en my vriende het in die koelte onder hierdie bome met ons dolosse en draadkarre gespeel en dan ook van hul lekker deurskynende gom geëet.

Die KAMEELDORINGBOOM is 'n bedreigde spesie wat sedert 1941 as 'n beskermde boom verklaar is. Dit is baie bekend vir sy grys peule met swart sade binne wat 'n hoë proteïen-inhoud het en uiters geskik maak vir veevoer. Herbivore soos olifante, koedoes en elande sal draaie loop om die peule te vreet. In die verlede is die sade ook gerooster en as plaasvervanger vir koffie gebruik. Vir menige diere en voëls is hierdie boom 'n veilige skuilplek.

Die KAMEELDORINGBOOM is enig in sy soort. Hierdie majestueuse boom met sy fyn-groen blaartjies, grys peul, geel wollerige-balletjieblommetjies en lang dorings laat my elke keer en aanhoudend stilhou om te bewonder. Ons Liewe Heer het die mooiste en beste in die skepping geplaas om te geniet en te waardeer.

Indien ek nou, hier in 2021, een boom kan plant, sal dit 'n KAMEELDORINGBOOM wees. Ek vrees die dag wanneer hierdie stadiggroeiende boom uitgewis kan wees en dat my afstammelinge dit nie kan bewonder nie.

Meer oor Suid-Afrikaanse bome by: https://af.wikipedia.org/wiki/Alfabetiese_lys_van_Suid-Afrikaanse_bome

Foto's van die Kameeldoringbome: Kobus en Alet van der Merwe

TE KOOP

Voltitel 3-slaapkamerhuis op 1,2 ha erf in 2000 ha wildlewelandgoed
in malariavrye Bosveld tussen Bela-Bela en Thabazimbi (90 minute vanaf Pretoria)

3 badkamers, soutwater-swembad, alarmstelsel, besproeiing

Landgoed bied 30 spesies vrylopende wild, 140 voëlspesies,
41 boomspesies in volhoubare wildbestuursprogram

Wild en gemeenskaplike area bestuur deur huiseienaarsvereniging
24/7 toegangsbeheer

Landingstrook vir ligte vliegtuie

Hengel, fietsry, staproetes, selfry-wildbesigtiging

Ideaal vir naweke, vakansie of aftrede

Prys: R1.5 miljoen
Vir meer inligting skakel Brian Naudé, 082 800 5938, bnaude.x@gmail.com





FORTUINE

Die wel en wee van Afrikaner-magnate

Na die lees van Ebbe Dommisse se boek* Anton Rupert *'n paar jaar gelede was ek bly om te verneem dat hy weer 'n boek –* Fortuine *– die lig laat sien het. In die boek wys Dommisse daarop dat, sedert die oorgang in 1994, 'n dosyn of twee Afrikaanse sakelui ongekende welslae behaal het. Ook het 'n aantal megaboere, waarvan heelwat as ultrapreneurs beskryf kan word, na vore gekom. In* Fortuine *skryf Ebbe Dommisse dat hierdie sakelui en megaboere meesal nie met veel begin het nie, maar hulle onderskei het as entrepreneurs wat met waagmoed en dryfkrag tot voorlopers uitgestyg het. Sommiges van hulle het miljardêrs geword, waarvan 'n klompie dollarmiljardêrs is.

Die storie oor die hedendaagse groot Afrikaanse entrepreneurs begin met die vertellings oor Koos Bekker met Naspers en Johan Rupert met Richemont. Daarop volg die vertellings oor die groot entrepreneurs in die kleinhandel, nl. Christo Wiese, Renier van Rooyen en Whitey Basson. Dan word vertel oor diegene in die bank en beleggingsbedrywe, nl. G T Ferreira, Laurie Dippenaar, Machiel le Roux (stigter van Capitec), Jannie Mouton, Thys du Toit en Hendrik du Toit. Johan van Zyl en Douw Steyn is bedrywig in vertakkings van die versekeringsbedryf. Roelof Botha is een van die voorste waagkapitaalbeleggers in die wêreld. Daar is op 'n aantal plekke verwysings na die Steinhof-episode, soos bv. by

Christo Wiese. Markus Jooste word ook ingesluit in die vertellings, maar was nie bereid om 'n onderhoud aan die skrywer toe te staan nie. Dommisse is ook van oordeel dat die sogenaamde "Stellenbosch Mafia" nie bestaan nie.

Ebbe Dommisse se seun, Jacques, vertel van die tien boerderye van megaboere as super-entrepreneurs. Daar is boere wat met verskillende produkte op verskillende plase in die land boer en heelwat van hulle bemark in die buiteland. Daar word vertel oor die Du Toit-groep van Pieter en Gys du Toit van Ceres wat hoëgehalte vrugte en groente produseer; ZZ2 van Tommie van Zyl wat tamaties en 'n verskeidenheid vrugte en groente produseer; Karsten Boerdery van Piet Karsten wat met tafeldruiwe, sagtevrugte en groente boer; Schoeman Boerdery van Kallie en Hendrik jr. Schoeman wat met sitrus, groente en graan boer; Wildeklawer van Louis en Cora de Kock wat boer met groente- en graangewasse; Charl Senekal wat 'n baie groot suikerprodusent is; die Sparta-groep van Estelle van Reenen met 'n baie groot beesboerdery; die Komati Fruit Group van Milaan Thalwitzer wat sitrus produseer; die Sernick Groep van Nick Serfontein wat besig is met bees- en vleisproduksie; en B P Greyling wat met graan en vee boer.

In die hoofstuk "Land van Gewers" skryf Dommisse soos volg: "Volgens die globale Barclays Wealth Culture of Wealth Report van 2010 is Suid-Afrikaners die wêreld se tweede vrygewigste nasie (naas die Amerikaners) gemeet aan die deel van hul inkomste wat individue aan gemeenskapsake gee." Heelparty van die Afrikanersakelui is van die land se bekendste weldoeners. In die hoofstuk oor die weldoeners vertel die skrywer van Francois van Niekerk, Johannes van Eeden en 'n hele aantal weldoeners, wat ook van die sakelui waaroor in die boek vertel is, insluit.

Hierdie boek oor die wel en wee van 'n aantal "Afrikaner-magnate" is nie 'n storieboek nie. Die skrywer is egter 'n ervare en vaardige joernalis wat sy stof verstaanbaar en interessant aanbied en dit moontlik maak vir die leser om met lekkerlees kennis te maak met die sakefilosofieë en bedrywighede van die betrokkenes.

Roelf du Preez

Ebbe Dommisse sluit in 2000 'n loopbaan van nagenoeg 40 jaar in die joernalistiek af toe hy aftree as die Hoofredakteur van *Die Burger*.

Hy het op Carnarvon skoolgegaan en matrikuleer aan die Hoër Jongenskool in die Paarl. Daarna studeer hy aan die Universiteit van Stellenbosch en verwerf 'n MA-graad in joernalistiek aan die Columbia Universiteit in New York.

Hy was medeskrywer van Broedertwis en Leierstryd en in 2006 verskyn sy groot werk – die lewensverhaal *Anton Rupert*.

Rampie en die spoke





Bollatjie

Toe ek wat Bollatjie is

en Panini vanoggend hier op ouplot afstap na die pad om vir oom Rampie en tannie Fiela op anderplot te gaan groet, kom ons op 'n baie snaakse ding af. Oom Rampie lê daar in 'n oopte en hy slaap dat ons sy snorke goed kan hoor. Tannie Fiela staan so hangkop daar – eintlik hang alles – en sy lyk baie moeg.

Tannie Fiela skrik groot toe ons haar roep. Sy vertel toe dat hulle 'n verskriklike nag gehad het – alte erg. Die oom Rampie maak haar nou klaar. Sy kan dit nie uithou met die sleg slaap nie. Sy vertel dat alles stil en rustig was toe een of ander droom oom Rampie getref het. Hy het gesnork en tekere gegaan en toe spring hy op en begin al in die rondte draai en skop. 'n Vreeslike gedoente en tannie Fiela moes toe ook maar padgee sodat sy nie geskop word nie.

Toe oom Rampie nou mooi wakker is, sien hy dat sy eintlike bedreiging nou tannie Fiela is en hy begin so saggies en mooi balk. Hy vertel dat spoke hom gejaag en afgeknou het, maar dat dit 'n lang storie is wat hy moet vertel om te verduidelik. Tannie Fiela sê toe vir hom hy kan maar vertel: sy is nou wakker en sy het baie tyd.

Oom Rampie sê die hele ding het lank gelede in sy jeug begin op die plot waar hy gebore is. Sy pa en ma was toe al weg en net hy en sy oom Frans was op die plot. Die mense daar het nie tuin gemaak nie. Die weiveld het sommer tot teen die huis gegaan. Toe hy nog eendag so lekker wei aan die groen grassies teen die huis se muur, sien hy deur die venster so 'n ding waarop daar prente van diere is. Maar dit was verskriklike diere en hulle beweeg. Hulle lyk amper soos donkies maar hulle is nie donkies of muile nie. Hulle velle was vreeslik verrinneweer en het sulke swart en wit strepe gehad. Maar die vreeslikste was hulle bekke en boude. Daar was sulke verskriklike tande in hulle bekke en tannie Fiela moes net daardie dik boude gesien het – die ene drilvet. Oom Rampie kon dit nie verstaan nie en het toe besef dat dit spoke moet wees van 'n soort donkies wat uitgesterf het. Die beeld van daardie diere het hom nog sy lewe lank agtervolg.

Gisternag kom daardie diere toe hier aan en hulle omsingel hom wat Rampie is en hulle begin hom skop en byt. Dit was 'n vreeslike gedoente en wat vir hom die ergste is, is hoe die spoke gestink het van die infeksie in hulle onderste lugweë.

Tannie Fiela sê toe vir oom Rampie dis alles pure verbeelding. Hy het net 'n nagmerrie gehad. Nee, sê oom Rampie, daar was nie merries nie, dit was net hingste. Tannie Fiela vra toe nou waar is die merke waar hy so geskop en gebyt is. Oom Rampie meen toe dis presies die punt: as spoke jou skop en byt is daar nie merke nie, want dit is spoke. Dis toe dat tannie Fiela die troefkaart speel en vir oom Rampie vertel dat die reuk van die spoke sy wat Rampie is se eie reuke was want dit is hy wat infeksie in sy onderste lugweë gehad het - sy wat Fiela is ken sy lugweë!

Nou wil oom Rampie nie onder 'n boom slaap nie en tannie Fiela is so kwaad sy kan nie slaap nie.

Spookgroete, Bollatjie

Die menings uitgespreek in Sonder Seëls is nie noodwendig dié van die redakteur of Essence Kommunikasie nie. Artikels en rubrieke word uitsluitlik vir inligtingsdoeleindes gepubliseer en daar kan nie daarop gesteun word as deskundige raad nie. Die produkte en dienste wat geadverteer word, bevat die inligting wat die adverteerder verskaf. Sonder Seëls aanvaar nie aanspreeklikheid vir die akkuraatheid en/of gehalte van produkte en dienste nie.